**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS HIGHER LEVEL 8301/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing — 2 hours 30 minutes

Marks 60 — **2017**

Additional Materials: Answer Book

HIGHER LEVEL

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES

- Write your answers in the Book provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Answer **all** questions.
- Pay special attention to spelling, punctuation and sentence construction.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Beantwoord die vrae in die Antwoordboek.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies op die Antwoordboek.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Beantwoord **al** die vrae.
- Gee spesiale aandag aan spelling, leestekens en sinsformulering.
- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

This document consists of **7** printed pages and **1** blank page.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING A

Lees die **twee** leesstukke aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Leesstuk 1**

### Jan van Tonder

*Saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton*

Die skrywer, Jan van Tonder, aan die woord ...

"Toe ek jare gelede op Ladismith gewoon het, vra 'n vriendin my waaroor my roman *Is Sagie* gaan. 'Dis die storie van 'n vertraagde man in die Klein Karoo,' 'antwoord ek."

"Of ek ooit 'n (tweede) outobiografie sal skryf, betwyfel ek, maar met *Roepman* het ek my ganse grootwordtyd herroep."

Van Tonder was al 'n kaartjiesondersoeker, stoker, tronkbewaarder, opleidingsbeampte, joernalis (by drie koerante en die SAUK), restaurantbestuurder, skilder, en skrywer. Volgens hom het die jaar in die gevangenisdiens en die stuk of ses, sewe jaar as 'n verslaggewer seker die grootste invloed op sy skryfwerk gehad.

Jan is rats met 'n ontkenning voorin *Roepman*: "Lesers wat meen dat hulle hulleself of ander persone in hierdie boek herken, misgis hulle. 'n Storie is nie die lewe nie." In werklikheid is *Roepman* 'n wekroep, 'n gepluk en gestoei om mense wakker te skud met die toegevoegde waarde van wonderwerke.

Mariëtte Crafford ry van Kakamas af Oudtshoorn toe om Jan se storie eerstehands te hoor. "Ek is ontstig en ontroer deur die swaarkry van die twaalfjarige verteller, Timus, en sy mense, die insig van die skeel Joon Sterrekyker, en die wreedheid van die opsieners van die gemeenskap. Jan maak my deel van sy storie, sy wonderlike waarnemingsvermoë, maar ook deel van genadige wonderwerke op onwaarskynlike plekke."

Terwyl Van Tonder gewag het dat die boek se tyd moes aanbreek, het hy geskilder, 'n restaurant bestuur, goeie radiodramas en kortverhale geskryf en een aand ál vyftien sy weergawes van 'n ongepubliseerde roman se manuskrip verbrand.

"Ek is bly dat ek grootgeword het waar ek grootgeword het," sê hy. Met baie blootstelling en min weelde behalwe die koestering van 'n groot gesin – vyf susters en 'n broer. "Sonder dié blootstelling sou ek nie die empatie met mense kon hê wat ek het nie. Die geskakeerdheid van die lewe en van menswees in spoorwegbuurte langs rangeerwerwe, het my as mens en as skrywer help skep. In gegoede woonbuurte is daar nie sulke teksture nie. Vir ons was dit normaal om nie geld te hê nie."

Hy het die spoor van sy lewensloop gevat en uit sy herinneringe ervaringe en diepste emosies is *Roepman* gebore. "Natuurlik is die gegewe erg outobiografies, maar dit het stórie geword. Nie meer net ons gesin en die mense om ons s'n nie. 'n Universele verhaal, een wat op enige plek in ons land kon afspeel, op enige plek waar mense in wisselende grade van armoede geleef het, deur verskillende vorms daarvan ontmagtig is," sê Jan.

In die jaar wat hy vyftig geword het, het hy sy eerste eie huis gekoop en sy eerste betroubare voertuig aangeskaf. Met sy boek *Die kind* se geld.

"Ek het wat ek nog altyd wou hê," sê hy. "Ek het nie veel meer nodig as wat ek het nie. 'n Lekker dak oor my kop, 'n mooi uitsig en 'n voertuig om mee te ry." Hy bedink hom. "Ja, en ek sou iemand wou hê om mee saam oud te word."

Van Tonder se laatlam-boek, *Roepman*, blyk ’n kroonprins, bestem vir hoë erkenning, te wees. In die uitgewersbedryf het dit – nog vóór publikasie – ’n beroering veroorsaak. Keurders was in vervoering daaroor.

Van Tonder maak in *Roepman* gebruik van ’n kinderverteller in die persoon van Timus wat op naïewe wyse die heersende maatskaplike en veral politieke toestande van dié tyd uitbeeld. ’n Kinderverteller wat vertel oor ’n lewe tydens apartheid en ’n laerklas-leefwyse: ’n spoorweglewe, die Durbanse hawe. Sentraal in die verhaal is natuurlik die skeel roepman, Joon, wat as beskermling vir Timus optree.

Die kind het ook ’n eie verhaal wat die aandag eis en so bly die leser bewus van die ellendes wat die mense tref en die arme Timus se desperate pogings om grootmens te word.

Van Tonder se roman beïndruk nie soseer oor die vernuftige beeld wat dit skep van ’n verbygegane tyd nie, maar met die wyse waarop dit die universele ervaring van verlies aan onskuld blootlê. Dit is een van die aangename verrassings in die tydperk wat reeds belangrike Afrikaanse werke opgelewer het.

*(Verwerk uit Cape Libr., Mei/Junie 2006)*

**Leesstuk 2**

**Die lewe is nie ’n storie nie: Jan van Tonder se *Roepman***

Jan van Tonder se jongste roman, *Roepman,* handel oor ’n jong seun, Timus, se grootwordproses gedurende die sestigerjare in ’n spoorwegwoonbuurt in Durban.

Reeds met die openingsreël in *Roepman* sê Timus se pa vir hom: ″Die lewe is nie ’n storie nie, Timus ...″ Ook op die skudblad staan daar: ″’n Storie is nie die lewe nie.″ Dit word dan duidelik dat ons as lesers saam met die roman gaan beweeg tussen werklikheid en verdigsel.

Van die begin is dit opmerklik dat daar ’n ooreenkoms is met Van Tonder se eie grootwordjare. Inderdaad stel hy dit dan ook so aan Sonja Loots in ’n onderhoud oor *Roepman*: ″Dit is seker die naaste wat ek ooit aan ’n outobiografie sal kom ... Ek het baie bygelieg, baie weggesteek, maar ook baie behou.″ (*Rapport*, 17 Oktober 2004)

Soos Timus was Van Tonder die jongste van sewe kinders en het gedurende die sestigerjare in ’n Durbanse spoorwegwoonbuurt grootgeword. Sy ma was ’n huisvrou en sy pa ’n stootskraperoperateur asook ’n baggerbootman.

Jan van Tonder het aanvanklik vir predikant studeer, daarna volg ’n BA-graad met Afrikaans, Sielkunde en Kriminologie as hoofvakke. Verskeie beroepe volg, onder andere, in die gevangenisdiens, nywerheidsopleidingsbeampte, joernalis by verskeie koerante en by die SAUK, asook omroeper. Tussenin het Van Tonder sy loopbaan onderbreek om te skryf. So verskyn ’n kortverhaalbundel, *Aandenking vir ’n vry man*, en daarna twee romans, *Is Sagie* en *Die kind.*

Na ’n stilte van vyftien jaar verskyn *Roepman*. Hierin ontmoet ons die uitgebreide Rademan-gesin: Timus se pa Abram as hoof van sy streng en nougesette patriargale gesin; sy ma Ada met haar lewenslus; die oudste tweeling Braam en Martina, wat albei werk; die tweeling Mara en Rykie, wat ’n groot 21ste party beplan; die jongste tweeling Bella en Erika met hul onderskeie intense verhoudings; ouma Makkie wat by die gesin kom woon na Oupa se afsterwe en Timus, die dromer, die afloerder en afluisteraar, die leser se oë en ore wat met sy onuitputbare bron van nuuskierigheid alles wat gebeur, oorvertel.

Die verhaal skarnier natuurlik om Joon, die roepman, wat almal betyds moet wakker maak vir hulle skofte. Ook sy ma, ant Rosie, wat elke dag klippe optel. Joon se rol in die verhaal is egter meer as roepman wees; hy verteenwoordig die stryd tussen goed en kwaad, tussen reg en verkeerd. Hy besit ’n soort magiese krag om altyd op die regte tyd op die regte plek te wees, en om met bomenslike insigte in te gryp waar nodig. So spaar Joon, byvoorbeeld, vir Timus van erge verleentheid nadat hy sy broek natgemaak het deur hom heeltemal nat te spuit met die tuinslang: ″Nou sal niemand meer kan sien nie ...″. Joon weet instinktief dat Timus bang is vir Ruben se sinistere neigings na die tragies-komiese uitstappie na die walvisstasie en veral die angstige maar skreeusnaakse *bunny-chow insident*.

Van Tonder vestig al die verhaalelemente vroeg in die roman en brei dit uit saam met die loop van die verhaal. Sodanig word die tydlyn duidelik in die sestigerjare geplaas met dr. H.F. Verwoerd se portret in die sitkamer, die aanvalle op sy lewe en die uiteindelike aanslag en begrafnis. Die politieke milieu van dié era word raak geskets met, onder andere, die spanning en konflik tussen die twee hoofstroompartye, die Nasionaliste in die Suid-Afrikaanse Party.

Al die tragiese elemente word egter versag en vermenslik met ’n goeie dosis humor wat in die roman teenwoordig is. Juis as gevolg van sy kinderlike onskuld beland Timus in komiese situasies en lei dit boonop tot nog meer humoristiese belewenisse. Reg aan die begin van die roman hoor ons Timus het sy arm gebreek nadat hy uit ’n boom geval het waar hy mense afgeloer het.

Van Tonder gebruik al hierdie verskillende elemente in sy roman om veelvlakkigheid en tekstuur te verleen aan Timus se grootwordverhaal. Terwyl die storielyn meedoënloos voortspoed na die tragiese eindpunt waar Joon tussen twee trokke vasgestamp word, verlig die skrywer die patos deur elke nou en dan met doeltreffende en sensitiewe humoristiese beskrywings.

Die verhaal beweeg tussen twee pole wat sorg vir die nodige spanning. Aan die een kant is die lewe van gewone mense in ’n alledaagse werkersklasomgewing en aan die ander kant die magiese kragte van bomenslikheid en verbeeldingsvlugte.

Aan die einde van die roman is daar ’n vinnige opeenstapeling van tragiese momente: Joon word vasgestamp tussen die twee trokke en is dood, sy ma ant Rosie verdwyn en vaar op na die hemel en laat net haar sak klippe agter, en ouma Makkie sterf stil in haar slaap. Dit beteken ook die einde van ’n era: Abram word bevorder, die Rademans verhuis na Stanger en die gesin breek uitmekaar. Dit beteken ook die einde van ’n era by die Spoorweë: ″Daar het nie ’n roepman in Joon se plek gekom nie. Die Spoorweë sê die tyd van wakker maak is verby, mense weet goed genoeg hulle moet opstaan om te gaan werk″.

Jan van Tonder het uitstekend daarin geslaag om ’n roman te skryf met geloofwaardigheid in sy milieu, sy karakters en sy storielyn. Die gewone, alledaagse mense se lewe word belig met al sy fasette, asook die magiese elemente. Die roepman wek nie net die mense om betyds te wees nie, hy verskaf ook ’n wekroep vir elkeen om die basiese goedheid in elke mens te laat ontwaak.

*(Verwerk uit Cape Libr,. Mei/Junie 2006)*

**1** Albei leesstukke handel oor Jan van Tonder en sy skryfwerk.

Vergelyk die twee leesstukke en bespreek die ooreenkomste. Gebruik gepaste aanhalings om jou stellings te bewys.

Jou antwoord moet ongeveer **350** woorde lank wees. **[20]**

**2** Jy is deur die uitgewer van *Roepman* gevra om ’n bekendstellingsbrief oor die boek vir skole te skryf.

Skryf nou ’n brief in ongeveer **250** woorde waarin jy die boek bekendstel. Verwys na moontlike redes waarom dit geskik vir leerders mag wees.

Gebruik die inligting in die twee leesstukke, maar voeg ook jou eie insette by. **[20]**

## AFDELING B

Lees die volgende teks en voer dan die opdrag uit.

### Motiveer hom positief

Die druk waaraan almal, kinders inkluis, in die moderne samelewing blootgestel is, maak dit moeilik om perspektief te behou en mekaar positief te motiveer. Ouers en kinders sien prestasie en motivering nie altyd in dieselfde lig nie en daarom voel kinders soms onder druk.

Jakkie Burger, skoolhoof van Laerskool Ashton, sê dit is belangrik dat die ouer en kind se verwagtinge dieselfde en ook realisties moet wees. As ouers onrealistiese verwagtinge koester, kan dit tot prestasie-angs lei.

Die manier waarop ouers hul kinders ondersteun, is belangrik. Hy sê ouers moet waak teen uitsprake soos: "Ag, die werk is nie belangrik nie" of "Die onnie is simpel om hierdie vrae te vra". As die kind dink die werk is nie belangrik nie of hy sal dit nie baasraak nie, sal hy dit nie probeer bemeester nie.

Jakkie sê die hantering van druk is 'n vaardigheid wat met groot sukses aangeleer kan word. Hy sê toetsing, ook skooltoetse, met die gepaardgaande druk, sal altyd daar wees en leerders moet leer om dit te hanteer.

In sy boek *Jy's sterstof* sê Kobus Maree, skrywer en opvoedkundige, iemand se wil om te presteer, sy deursettingsvermoë, selfdissipline, werkywer en harde werk gaan bepaal of hy slaag of nie.

Kenners is dit eens dat motivering wat uit jouself kom en nie van die onderwyser, jou vriende, of 'n beloning nie, jou uiteindelik help om druk te hanteer.

Kobus sê as jy jou kind wil help om realistiese doelwitte te stel, kan jy gerus aantekeninge maak van dié dinge/aktiwiteite waaraan hy sy onverdeelde aandag gee. Wanneer hy geen persoonlike doelwit het nie, kan jy saam met hom probeer om spesifieke doelwitte, wat sy geliefkoosde belangstellings betrek, vir hom uit te stippel, sodat hy iets het om voor te werk.

Jakkie en ander stel ook voor dat jy jou kind leer om te beplan, om sy tyd nuttig te gebruik, die regte studiemetodes aan te wend, sy leerruimte voor te berei en die werk stuk-stuk baas te raak en te hersien.

As hy byvoorbeeld gespanne is, kan jy toesien dat hy genoeg oefening kry, genoeg rus en reg eet. Vermy kunsmatige suikers en gee voorkeur aan organiese voedselsoorte. Roetine is ook baie belangrik vir sukses.

"Wys jou kind altyd daarop dat mislukking van groot hulp in die leerproses kan wees, maar onbelangrik is in die bepaling van sy waarde as mens," sê Kobus.

*(Verwerk uit Vrouekeur, 30 Oktober 2009)*

**3** Die druk hierdie tyd van die jaar is ewe erg vir ouers en leerders. In die artikel *Motiveer hom positief* word aanbevelings aan ouers gemaak oor hoe om hulle kinders positief te motiveer.

Skryf 'n artikel vir jou skoolkoerant waarin jy medeleerders motiveer en riglyne gee oor hoe om druk te hanteer. Gee ook wenke wat leerders later in hulle lewens kan gebruik.

Maak van die inligting in die leesstuk gebruik, maar lug ook jou mening oor die aangeleentheid.

Die lengte van jou artikel moet ongeveer **250** woorde wees. **[20]**

**BLANK PAGE**